

STROOMOP



Nommer 1

Mei 1969

Die Ontstaan van Stroomop.

Op 27 Maart 1968 het 'n groepie seuns op Affies besluit om 'n nuwe blaadje in die plek van „Ons Kontrei” uit te gee.

Hul besluit is bekend gemaak en 'n wedstryd is uitgeskryf om 'n naam te bepaal. Daar is toe besluit op Affies '68. Daar was egter te min tyd en die gedagte is aan 'n nuwe groep leerlinge opgedra.

Op 26 Februarie 1969 is daar finaal besluit om wel 'n blaadje uit te gee, maar in die vorm van 'n koerant. Nuwe bloed bring ook nuwe gedagtes met die gevolg dat daar besluit is om die naam te verander na „Stroomop”. Die wiede is aan die rol gesit.

Die hulp van ons susterskool is ingeroep aangesien daar ook 'n behoefte bestaan het aan 'n eie koerant. Die resultaat van maande lank se voorbereiding sien u vandag voor u.

Die redaksie wil langs hierdie weg hul waardering en dank aan een persoon bring. Hy is Mnr. Sjaas Reyneke wat ons onlangs verlaat het. Mnr. Reyneke was die persoon wat sorg gedra het dat die entoesiasme altyd hoog gebly het. Deur sy ywer en belangstelling was hy 'n aansporing vir ons almal. Nogmaals baie dankie mnr. Reyneke. Mag u en u vrou gelukkig wees in die nuwe omgewing.

Affies, laat Stroomop deel word van die jarelange tradisies van A.H.M. en A.H.S.. Dit kan alleen gedoen word deur u volle ondersteuning met elke uitgawe.

Lank leef Stroomop!

F. D.

Inleidingsartikel.

Met die verskyning van “Stroomop” is nog 'n mylpaal in die geskiedenis van A.H.S. en A.H.M. bereik.

Die afgelope paar jare het daar 'n geweldige leemte bestaan sonder 'n blad wat as mondstuk van die leerlinge kon dien, en die afwesigheid van 'n blad soos hierdie is sterk gevoel. Daarom is ons oortuig dat een en almal die verskyning van “Stroomop” verwelkpm.

Die doel van hierdie blad is seer sekerlik in die eerste plek, om 'n wedersydse belangstelling tussen die twee skole aan te wakker. (lets wat slegs op sosiale vlak bestaan!)

Die naam “Stroomop” moet beslis nie verkeerdelik opgeneem word nie. Die idee is nie om alles wat van hoër gesag afkomstig is, af te keur en te kritiseer, en sodoende stroomop te wees nie. Dit beteken eerder dat ons vir onself kan dink en gesonde kritiek kan uitoefen. En is dit nie beter om oor dinge na te dink en te redeneer, as om al saam met die stroom af te dryf, sonder om ag te slaan op wat om jou gebeur nie?

Anders as wat die vorige skoolblad gefunksioneer het, sal hierdie blad geen hulp van enige van die twee skole verkry nie, en dus 100 persent die werk van leerlinge alleen wees. Graag wil ons dan ook nou 'n beroep doen op alle affies om gereeld bydraes te lewer, sodat hierdie blad nie soos sy voorganger ten gronde gaan nie.

Graag wil ons dan ook nou van die geleentheid gebruik maak om vir Mev. Holtz en Mnr. J.J. Botha, ons twee hoofde, baie hartlik te bedank vir hulle goedkeuring van die blad. Ons waardeer dit opreg dat hulle onmiddelik hulle instemming betuig het.

Die Redaksie wil die vertroude uitspraak dat hierdie blad spoedig 'n „deel” van Affies sal word, en dat ons almal dit sal gebruik as 'n toevlugsoord vir ons kritiek goed of sleg, ten opsigte van die skoollewe.

Die Redakteur.



Ontvoering van die Afrikaanse Hoerskool se dirigent tydens die inwyding van A.H.S. se nuwe paviljoen vroeg in die eerste kwartaal.

Bydraes.

Die Redaksie rig 'n vriendelike versoek tot almal wat voornemens is om bydraes, briewe en kritiek in te stuur, om alle korrespondensie te voorsien van hulle regte name indien hulle 'n skuilnaam sou gebruik. Onder geen omstandighede sal iets wat nie van die skrywer se regte naam voorsien is, gepubliseer word nie.

Die redaksie onderneem om nie die name van skrywers sonder hulle goedkeuring, bekend te maak nie.

Graag ontvang ons bydraes van leerlinge oor enigiets wat die belangstelling van die res gaande sal maak.

Alle organisasies, verenigings en klubs word ook vriendelik versoek om ons gereeld op hoogte te hou van hulle sake.

Ons publiseer dit graag.

Die Prys van „Stroomop”

Leerlinge mag die prys van 10 sent op die eerste uitgawe 'n bietjie hoog vind. Die fiet moet egter in gedagte gehou word dat daar met die begin van 'n blad soos hierdie altyd ekstra ontkostes is wat gedek moet word.

Die redaksie kan egter waarborg dat die prys van toekomstige uitgawes geleidelik verminder sal word, om sodoende aan te pas by die van die gemiddelde skolier.

Wenke en kritiek op hierdie blad word graag ontvang. Ons hoop om veral menings te kry oor wat die houding t.o.v. die verskyning van die blad is. Moet dit bv. een keer per twee weke, maand of kwartaal verskyn?

Televisie in Suid-Afrika.

Of televisie in Suid-Afrika toegelaat moet word is teen hierdie tyd al 'n bra afgesaagde onderwerp van bespreking. Tog is dit steeds belangrik om die voor- en nadele daarvan teen mekaar op te weeg. Die voordele verloor die nadele, as ek 'n anglisme mag gebruik.

Alhoewel baie mense nie hiermee sal saamstem nie (ek dink nie daar's juis sulke ouens in ons skool nie) wil ek dit graag probeer bewys:

In die eerste plek (dis nou om die grootmense tevrede te stel) kan wereldgebeure met behulp van televisie neutvars in jou eie huis aanskou word. Daar is baie min jongmense wat hulle nekke sal brak om oor die radio na die nuus te luister, nie dat ons nie juis belangstel daarin nie maar dit is nou maar eenkeer so. As die nuus op televisie aangebied word, sal daar nog sulkes wees, maar beslis minder. Anti-televisiers sal nou sê: „Deesdae moet alles eers op 'n silwer skinkbord aangedra word voordat dit vir ons jeug aanneemlik is.” Dis twak. In die ou dae was dit ook so. In elk geval, volwassenes sal die nuus ook baie interessanter vind, en beter verstaan.

Tweedens kan gebeurtenisse wat ons almal graag sou wou sien, maar nie altyd kan nie, in die sitkamer gade geslaan word -: van 'n onbereikbare ding soos die Olimpiese spele in Mexiko stad, tot die nie te verafgelee Suid-Afrikaanse Spele in Bloemfontein. Dwaarsoor die wereld het mense oopmond sit en kyk na die lansering van die Apollo 8, die oppervlakte van die maan, ensomeer, maar ons moet maar tevrede wees met “See the Moonflight in Full Colour!, Buy your Scope today!”. Ek wat nie of dit wel vertoon is in die bioskope nie, maar in elk geval, vir elke interessante gebeurtenis kan mens nie fliiek toe draf nie, buitendien, 'n mens se nek word naderhand styf in die 10c-sitplekke.

Daar word ook gesê dat sa televisie hier wortel skiet, gaan die kinders nie meer huiswerk doen nie, of belangstel in sport. Ek wat nie of hierdie genieë verwag dat Suid-

Afrika met die deur in die huis gaan avl met 'n vier-entwintig uur per dag diens nie. In lande waar televisie nog nuut is, begin die programme gewoonlik eers om en by 5 uur in die middag. Ook, as daar enigsins dissipline in die huis gehandhaaf word, kan die ouers toesien dat skoolwerk nie afgeskeep word nie. (Wat sport betref, dink ek ons sal altyd daaraan deelneem, al kom ook wat!) Ek kan nie juis sien dat Suid-Afrikaners 'n klomp intellektuele reuse is, net omdat daar nie televisie is om hulle aandag af te trek nie. Lande met televisie lewer net sulke goeie resultate op skool en op universiteit as ons.

Op opvoedkundige gebied kan televisie ook 'n belangrike bydrae maak. Op skool sal dit van baie groot waarde wees, by die verduideliking van sekere punte – veral in die Wetenskap – en Biologiese klas (waar praktiese proewe nie altyd werk nie.) So ook sal dit op universiteit van groot waarde wees, en nog meer.

Daar is natuurlik die probleem van tale by ons. Dit sprak vanself dat daar soos op die radio, 'n Afrikaanse – en Engelse diens moet wees, siende dat dit ons twee amptelike landstale is. Maar die eintlike probleem (soos sommige meen) ontslaan by die Bantoetale. Almal weet dat daar heelwat sulkes is, en daar kan tog nie 'n stasie vir elkeen wees nie. Maar as 'n Bantoe 'n televisiestel kan bekostig behoort hy darem al 'n peil van beskawing te bereik het waar hy een van ons landstale kan verstaan. Wanneer die behoefte aan uitsendings vir Bantoes eendag groot genoeg is, kan 'n aparte diens vir hulle ingestel word en dan kan gebruik gemaak word van die een of twee tale wat deur meeste van hulle gepraat of ten minste verstaan word.

Laastens die kwesie van geld. Baie mense se dat Suid-Afrika nog nie ryk genoeg is om televisie te kan bekostig nie. Dit kan ek nie glo nie, want dit is welbekend dat Suid-Afrika een van die sterkste ekonomiese stelsels het, en baie vinnig vooruitgaan. Ook, as 'n land soos Spanje of Rhodesie televisie kan bekostig, dan kan ons sekerlik ook.

Ek hoop ek het my saak goed en verstaanbaar gestel, maar vir die mense wat nog glo televisie is 'n euwel, my raad is: moenie 'n televisiestel koop nie.

Jan de Kock. St. 9f.

Examiflatirs.

Skool : A.H.S.

Vak : Biologie (Bang, Bang)

Naam van leerling : N. Aam.

Vraag : Skryf aantekeninge oor die koei en die vark.

Die Koei : Die koei is 'n soogdier. Die bene strek tot op die grond. Dit moet duidelik onthou word dat die koei geen os is nie en ook nie soos die hoenders, eiers lê nie.

Daar is so ongeveer twee oë wat gewoonlik in die kop voorkom. Agter is daar natuurlik ook iets – 'n stert.

Die binnekant word geëet en die buitekant gedra. Ons praat nie van 'n klein koeitjie nie; ons noem dit sommer 'n kalfie.

Die koei is eksklusief. Sy eet nie baie nie, maar dit wat sy eet, eet sy twee maal. So eet sy darem genoeg om aan die lewe te bly.

Sy is baie goed toegerus. 'n Mens kan haar eintlik melk. Kieme moet uitgehou word, daarom moet sorg gedra word dat die staldeur altyd toe is.

Die Vark : Oor die vark kan ek nie veel sê nie, behalwe dat hy een is. (N.S. 'n Mens kan darem gorrel as jy nie geleer het nie!)

P.V.

Toe ek die eerste dag in st. 6 aangekom het, was ek begogel deur die grootmenslewe rondom my. Die matrieks was vir my soos die Griekse godinne van die Berg Olympus – so iets uit hierdie wêreld uit; met al hulle mag en gesag wat in hulle toorn op arme standerd sesse soos ek uitgeoefen het! Om nie te praat van die hoof, die magtige Juppiter wat met Blitse die oppergesag handhaaf nie! Ek was oortuig dat my bynaam "wurm" gepas was – ja-nee, ek was 'n nietige wesentjie in vergelyking met hulle!

Die lange jare het verbygesnel en uiteindelik het die wonderlike dag aangebreek dat ek in matriek is! Groot was my ontnugtering: Geen sulke wonderlike voorregte soos ek altyd gedink het nie. Intendeel, daar word gedurig aan ons vertel hoë baie ons soos standerd sessies gedra! Kan jy nou meer! Ons soos standerd sesse? Watter belediging! Dis nie al nie – ons word soos standerd sessies behandel – „Oh metty vous en rang! Quel honte! Des Matrics!” Hoekom moet ons in ordelike rye staan? Dis net standerd sesse wat sô behandel moet word! Ook: „ As julle nie julle werk wil leer nie, sal ek julle nes kleintjies behandel en dit soos sanderd sesse laat uitskryf.” En so gaan dit aan

„Sam” van A.H.M.

A.H.S. se Verkeersreels

1. Dis nie nodig om altyd aan die linkerkant van die pad te hou nie; soms is die pad beter aan die regterkant.
2. Laai net soveel passasiers (verkieelik meisies) op jou martelpyp as moontlik.....hoe meer siele hoe meer vreugde.
3. Moenie jou hand uitsteek as jy wil draai nie; dis nie nodig om jou planne uit te basuin nie.
4. Moenie by die stopteken stilhou nie....maak gebruik van die kanse wat die lewe jou bied.
5. Ry so vinnig as moontlik deur 'n modder-poel; dit spoel so 'n bietjie van jou fiets se stof af.
6. Moenie stilhou as'n verkeerskonstabel jou beveel om dit te doen nie; hy word betaal om jou te agtervolg.

Hein Raath 8F.

NUUSFLITSE.

Baie geluk aan 'n Oud-Affie, Dries Lategan, wat gedurende die S.A. Spele presteer het, deur die 400 meter vir seuns O/19 in 48.2 sekonde te wen.

Gedurende die April vakansie is 'n SABRA – Jeugkongres te George gehou. Skole van oor die hele land het afgevaardigdes daarheen gestuur. 'n Redenaarskompetisie is gehou en Frans Davin het die eerste plek verower. Graag wens ons hom van harte geluk.

Die sportredaksie wil alle sportinstansies vriendelik versoek om tog gereeld enige sportnuus wat hulle gepubliseer wil he, aan een van die ondergenoemdes te stuur. Hierdie versoek geld ook vir individuele prestasies van Affies se leerlinge of oud-leerlinge. Plasing is absoluut gratis.

Vanda du Toit, Coetzee van Eck, Hendrik van der Hoven

Geagter Lesers,

Graag wil ek hierdie kolom in ons blad aan julle bekend stel. Dit in die kolom waar julle menings lug en interessantheide gaan kwytraak oor gebeure op die sosiale front.

Nou wat is 'n sosiale front? Dit is die sfeer waarin ons lewe, maar hoofsaaklik ons omgang met onder mense. In hierdie rubriek ontvang ons graag oor dit wat julle ondervind buite skool en buite sportverband. Laat ek die saak met enkele voorbeelde toedig. Indien 'n internasionale verhoogkunstenaar 'n vertoning hier lewer, en iemand is bevoorreg genoeg om dit te sien, (gewoonlik is die ingangsfooie 'n bietjie hoog) ontvang ons graag 'n kritiese verslag oor die vertoning.

Besprekings en kritiek van ons grootse skoolfunksies word met ope arms ingewag. Debatsbesture en „Fliëkbestellingskomitees” sal baie hierby baat. Indien iemand enige interessante persoonlikheid ontmoet het kan hy of sy gerus van die ontmoeting laat hoor.

Wanneer H.J. van K. baie gegrief voel omdat so-en-so hom nie na haar „Party” genooi het nie, kan hy of sy skriftelik by ons kom kla. Terselfdertyd kan so-en-so gerus antwoord en vertel hoe 'n fantastiese volksfees dit was; sonder H.J. van K.

Ons hoor graag klagtes oor aktuele sake soos „Rook by Bioskope Verbied” of „Ouderdomsgrens vir Voertuig lisensies”, ens.

Dit is alles behalwe 'n klaagrubriek, liewe lesers; ons stel nie belang in soetsappige storiëtjies soos oor sekere radiostasies nie, maar in opbouende en interessante leesstof.

Dus lesers, laat weet wat dit is wat die hart druk sodat dit nie in 'n hartkwaal verander nie.

Die Uwe,
„Germanicus”.

N.S. Persone wat artikels in hierdie rubriek geplaas wil he kan Henrich Janzen of Ingrid Hoexter kontak.



Mev. Botha (mej. von Gordon) se troue gedurende die afgelope vakansie.

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR.

Mei 1969.
Affies.

Die Redakteur,

Ek wil met die skrywe van hierdie brief graag 'n klip in die bos gooi.

Ons twee skole ontvang nou al jare lank besoekende skole wat op sportgebied teen ons kom kompeteer. Met elke ontvangs word daar rondgeval oor hoe daar 'n skaflike ontspanningsaand vir hulle gehou kan word.

Met die medewerking van albei skole kan daar tog 'n DANS gehou word. Ek is daarvan oortuig dat tuig dat die meisies se hokkiespan assok die seuns se rugbyspanne dit ewe veel sal geniet.

As die seuns 'n span ontvang, moet die meisies bereid kan wees om as gasvroue op te tree. Die seuns sal ook „vriendelik” hul deel doen met die ontvangs van 'n hokkiespan.

Braaivleis of flik het afgesaag geword. Dit is tyd dat ons moet wegbreek van die gewone.

Hoe voel die meisies oor die gedagte. Sal hulle bereid wees om hulp te verskaf indien ons die nodige toestemming kan verkry.? Laat hoor van julle!!

„Bokjol.”

Geagte redaksie,

Ons het reeds 'n jaarblad, die „Skolenuus” en baie ander onkoste. Waarom moet ons stroom-op bestel?

„st 6”

Geagte „st. 6”,

Dalk gaan jou brief almal se simpatie verkry – almal behalwe ons.

Geagte Redakteur,

Ek lees nou al jare lank „Stroomop” en dink dit is 'n baie oulike koerantjie.

Hiermee wil ek egter net die wens uitspreek dat al die bevoorregte oeuns en asters van Affies wat kan, ook nou kan lees, en die koerantjie se leesstof net so sal geniet as ek. Ek hoop julle gaan hom ondersteun.

Lank leef „Stroomop”

Die uwe,

„Stroomaf”

BOPPIE, die Affies-GOPPIE....



Geagte Redakteur,

Aan alle dinge in ons lewe is daar voor- en nadele. So ook, die koshuis. Alles goed en wel dat jou kas soos jou ma se spieeltafel en jou bed soos haar stryplank moet lyk.

Dit alles kan gaan, maar die ding van Saterdag middag in die koshuis sit, is „kriminele” dieremishandeling’.

Wat is nou daar te doen? Niks besonders nie. Elke Saterdag is dieselfde, net „swa”.

Die owerhede is ook so fluks, hulle patrolleer die heinings om jou soos 'n haai in 'n net te betrap as jy probeer ontsnap vir 'n „break”.

Die versoek is: bring asseblief 'n verandering aan die naweekse-roetine.

Die uwe,

„Protesteerder”.

(Dis met spyt dat daar verneem word dat al die meerkatte nog nie uitgeroei is nie!)

Geagte Redakteur,

Graag wil ek my ontevredenheid uitspreek t.o.v. die nuwe puntstelsel hier by A.H.S. Reken, die hele eerste kwartaal moet daar soos besetenes gewerk word, en dan is die punt wat jy daarmee verdien slegs 5% op jou totale jaarpunt werd.

In sommige vakke, waar jy elke toets as 'n eksamen sien, omdat dit oor al die werk handel, en jou half dood leer, word jy selfs lyfstraf toegedien as jou punt onder 50% is. Daarom was dit vir ons, veral die matrieks, 'n bitter pil om te sluk, toe ons hoor dat jou eerste kwartaalpunt slegs 20% van jou 2e kwartaalpunt tel, en sodoende 5% op jou totale jaarpunt.

Ons wil die vertroude uitspreek dat hierdie sakkie reggestel sal word.

„Ontevrede op A.H.S.”.

Geagte Redakteur,

Ek is trots op my skool. Affies beteken vir almal net een ding, nl. vooruitstrewende skool. Ons beskik oor 'n mooi gebou en saal, wat onlangs opgeknap is. Die terrein het 'n klomp tennisbane, 'n swembad, skyfskietbane, paradegrunde, rugbyvelde, en 'n nuwe pawiljoen.

Ons het 'n klomp gekwalifiseerde onderwysers soos Dr. Minnaar, wat 'n doktorsgraad het. Ons skool het die potensiaal.

Verlede jaar het B. Fourie 7 onderskeidings gekry. Vorige jare het dit ook gebeur. F. Davin het ook nie lank gelede die redenaarskompetisie gewen.

In sport vaar ons ook goed. Daar was al leerlinge oorsee. Daar kom

elke jaar 'n seun of seuns in die Noord-Transvaalse Junior rugby-span.

Die uwe,
G. Haarhoff. (St. 6c)

Waarde Heer.

Wat word van vandag se jeug? Daar word na wilde ruk-en-rol-partytjies gegaan, asook na „sessions”. By sulke geleenthede drink die mense nie, maar suip soos visse en ook honderde rande se sigarette word vermors.

My grootste beswaar is eintlik die sogenaamde „sessions” waarna die mense gelok word deur plakkate in die strate wat adverteer dat daar gratis waatlemoene verkrygbaar is. Maar dit word in gesluit in die toegangsgeld wat gewoonlik vyftig sent is. Dan is daar die mense wat gaan om te baklei met messe en kettings, wat hulle ontspanning noem. Daar is baie beter ontspanning as bogenoemde. Daar is sport geleenthede by verskillende klubs, en wat is lekkerder as om 'n meisie bioskoop toe te neem.

Ek vra weer, meneer die redakteur, wat word van ons jeug!

Die Uwe,
H.J. Botha.

(Al gevolgtrekking waartoe ek kan kom is dat die skrywer een aand by 'n „session” met 'n ketting raakgeslaan is. — Redakteur.

Geagte Redakteur,

Graag wil ek u en die redaksie hiermee van harte gelukwens, met die verskyning van die langverwagte en uiters welkome „dit”.

Ons hoop dat „Stroomop” altyd die belange van Affies sal dra in sy ruime hart, en dat dit getrou sal bly aan sy naam.

Daar is net een sakkie wat my en my mede Affies kwel: wat het geword van die langbeloofde jaarblad van 1968? Het ons nou waarlik daardie geld wat ons betaal het, in die water gegooi? Is dit hoe eerlike Affiegenote deesdae behandel word? Is dit nie uitbuitery en geldrowery van die eerste graad nie?

Indien hierdie kwessie buite u mag lê om op te klaar, versoek ek u hiermee vriendelik, dog dringend om die saak na hoer gesag te verwys.

Met dank,
die uwe,
„Rebel”.

'n Oproep tot die Herstel v.d. „Suster- en Broer” verhouding tussen A.H.M.P. en A.H.S.

In die laaste paar jare (1965-?) is daar tekens van verwydering tussen ons as broer- en suster-skole te bespeur. Dit tref so dat daar 'n mate van eenwording te bemerk is tussen A.H.M.P. en Boys High. Dit is nie net liefdesverhoudings nie maar ook 'n poging tot eenwording tussen die twee skole: in 1965 is daar 'n stemming gehou tussen A.H.M.P. en Girls High om te beslis wie gaan by wie bly. Die stemming was sos volg: Girls High wen met 6 stemme en hulle bly dus by Boys High. In A.H.M.P. is daar met die oorgrote meerderheid stemme besluit om ook by Boys High aan te sluit. Girls High het egter gewen en arme A.H.M.P. moes druiptert terugkeer na hulle „broeder” skool.

In 1966 het hierdie neiging ook sy kop uitgesteek. Op 'n A.H.M.P. - matriekprobleem vergadering het 'n dogter mej. Holtzhausen genader met die versoek dat Boys High liever A.H.M.P. se broerskool moet wees. Mej. Holtzhausen het hierop antwoord verstrekk, nl. dat die nie moontlik is nie want dit is onlojaal teenoor Seuns Hoer.

Afkeurenswaardig was die feit dat ons „susters” tydens die gala byna in ekstase geraak het oor Boys High se vertoning.

Maar ek moet egter toegee, dit lyk asof A.H.M.P. se verhouding besig is om te verflou teen-oor Boys High; die „Varsity” ous is mooier en hulle het motors.

D. Jooste.
ST. 10.

Skyfskiet in benarde posisie.

Die skietklub van Affies verkeer op die oomblik in 'n benarde posisie. Tensy die klub beter ondersteun word, sal die klub teen volgende jaar iets van die verlede wees.

Toe die klub in 1955 gestig is, het uit meer as 150 skuts bestaan — nou is daar slegs 7 skuts om die naam van die skool op hierdie gebied hoog te hou. Waar is al die ouens wat nie aan enige van die ander lewendiger sportsoorte mag deelneem nie?

Skyfskiet is nie 'n sportsoort wat enige fiksheid as vereiste stel nie (ideaal vir al die rokers.) Miskien is die ous net bang om te erken dat hulle nie weet hoe om met 'n geweer te skiet nie. Hulle moet egter nie hierdeur afgeskrik word nie aangesien daar nie net gesoek word na manne wat so goed kan skiet nie, maar mense wat geleer word hoe om te skiet. Wie weet miskien skuil daar nog 'n toekomstige kampioen onder die wat nog nooit eens 'n geweer vasgehou het nie.

ENIGE belangstellendes kan vir mnr. Bahlman, in kamer 3, kontak.

T.v.d.M.

BOPPIE, die Affies-GOPPIE





DIE REDAKSIE VAN STROOMOP

REDAKTEUR: PIETER VORSTER.
 SUB-REDAKTEUR: FRANS DAVIN.
 SUB-REDAKTRISE: RUELLYN COCKROFT.
 SOCIAAL: HEINRICH JANZEN.
 INGRID HOEXTER.
 SPORT: VANDA DU TOIT.
 HENDRIK V.D. HOVEN.
 COETZEE VAN ECK.
 KULTUUR: HENNIE SCHOEMAN.
 BARBEL WEISSWANGE.
 SEKRETARIS: CHRISTIAAN ODENDAAL.
 KUNSTENARES: KAREN PEPLER.

Netbal.

Die Netbalseisoen het goed begin toe daar so baie netbalspeelsters opgedaag het vir die eerste oefening. Die vooruitdige lyk ook belowend. Daar het baie nuwe talent bygekom en dit lyk of 'n ander skool Affies nie maklik gaan klop nie.

Ons het nog nie 'n wedstryd gespeel nie, maar ons eerste wedstryd wat volgende week sou plaasgevind teen Langenhoven is uitgestel aangesien hulle eksamen skryf. Ons eerste wedstryd sal dan wees teen die Handelskool wat ons velede jaar met een punt geklop het.

Ons speel Noord-transvaal proewe op die 24ste Mei en daar behoort ten minste vier speelsters te wees wat Noord-transvaalspan sal haal wat gedurende die eerste week van Julie deel sal neem aan die Netbal toernooi te Kroonstad.

Ons hoop as Sentraal hier na toe kom dat dit 'n baie geslaagde dag vir almal sal wees.

Nee Affies! So Kry Mens Nie Die Beker Nie.

Ons eerstes se wedstryd teen Transvalia Hoerskool op Vryburger se veld was uiters teleurstellend. Ons kan onself gelukkig ag dat ons die wedstryd gewen het. Was dit nie vir Piet Delpport se skopskoen gewees nie, het Affies seersekerlik as die verloorders van die veld gestap.

Die feit dat Johan Geringer weens oogmoeilikheid nie kon speel nie, doen nie afbreuk aan die feit dat die Eerstes uiters swak gespeel het nie. Dit sou wel 'n bietjie beter gegaan het as hy wel gespeel het, want dan sou dit nie nodig gewees het om twee onervare manne in die span in te skuif nie. Delpport kon op heelagter gebly het (aangesien hy hierdie seisoen nog nie loskakel gespeel het nie) en dan was dit nie nodig om die stadiger Paul Schwartz op heelagter posisie in te skuif nie. Schwartz het wel sy bes probeer, maar dit was nie genoeg gewees nie.

In die agterlyn, wat as 'n geheel beter spel as die voorstes gelewer het, moet ons die briljante „Slang” Malan uitsonde. Hy is seker die enigste in die hele span wat iets behoorlik gedoen het wanneer hy dit aangepak het. Hierdie mannetjie kan, net soos Geringer, nog vir Affies vele wedstryde wen.

Die fout dink ek lê egter by die voorspelers. Mens het die idee gekry dat hulle ook maar net gespeel het omdat hulle verplig was, en nie vir die liefde van die spel nie. Die lieflike samespel wat mens van hierdie manne verwag, het heeltemal ontbreek. Slegs af en toe gedurende die eerste helfte was daar 'n opflikkering te bespeur wat ook saam met die beweging ten einde geloop het.


Die voorspelers het die krag wat hulle so broodnodig het in die vaste spel onnodig verkwis deur doelloos te staan en stoei met hul teenstanders i.p.v. om saam te speel soos dit 'n pak voorstes betaam. Die lynstaanwerk van die manne laat ook veel te wense oor: hulle het wel die bal bemeester, maar kon dit nie wegvoer vir die agterlyn nie.

Afgesien van die feit dat die manne se spel so swak was, was deur veral gedurende die tweede helfte 'n algehele slaphed van gees. Ek het soms die indruk verkeer dat die manne nie omgee het vir mekaar nie en mekaar „verkoop” het.

As mens ons eerstes moet vergelyk met die spanne van Vryburger en Erasmus wat later die dag gespeel het, word mens skoon bevrees: met sulke gees en spel sal die Administrateursbeker beslis nie vanjaar op Affies verskyn nie.

Ons punte is aangeteken deur P. Delpport (3 strafdoele) en R. Seale. (Affies, kom ons ondersteun asseblief ons eerstes waar moontlik, hulle het die ondersteuning broodnodig.)

H. v. d. H.



A.H.M. se trots, Liezel van Reenen, wat Noord-Transvaal op die Netbalveld verteenwoordig. Liezel is ook 'n knap atleet.

Affies is bevoorreg om op die oomblik vir die bekende atleet, Johan Buys, in ons midde te hê. Hy is 'n oud-Affie wat in 1965 gematrikuleer het, en is 'n lid van die groep aspirant-onderwysers wat die skool op die besoek.

Graag wil ons hom ook hartlik gelukwens met die bronsmedalje wat hy by die S.A. Spele verower het.

P.V.

Baie geluk aan Gerrie van Vuuren wat N.T. gedurende die vakansie op die S.A. Kampioenskappe in Kaapstad, in die 100 meter verteenwoordig het. Ons wonder wie die inspirasie was?

P.V.

Tennis.

Affies het hierdie jaar 'n klomp uitstekende tennisspeelsters. As hulle genoeg wilskrag aan die dag lê, bestaan daar 'n goeie moontlikheid dat hulle die liga kan wen. Die derde span (bo 15) het die tweede bo-15 span geklop en hulle is oortuig daarvan dat die dieselfde gaan wees as hulle teen die eerste span speel. Ons sal sien.

In die Noord-Transvaal Junior kampioenskappe was Brigitte Cuypers in die enkels-, dubbels- en gemengde dubbels finale. Sy het saam met, Johanna van den Bergh die dubbels gewen en is nou die N.T. 0/14 kampioene in hierdie afdeling.

Die skool se bo-15 kampioene is Annel Pretorius, en die onder-15 een is Brigitte Cuypers.

Die eerste span het hulle eerste wedstryd teen Girls' High se tweede span gewen met 56 spelle teen 16 spelle. Hou so aan.

Later in die kwartaal gaan Affies ook teen Eunice en Sentraal van Bloemfontein speel. Ons hoop dit gaan baie goed met Affies en dat die skool ook die tennisspanne sal aanmoedig.

'Stroomop' wil net aan Petro Voster, die tenniskapteine, en haar span alles van die beste toewens. Hulle is baie optimisties en ons hoop alles gaan net so goed.

Dit Gaan Stroomaf met Affies se Hokkie.

Hierdie jaar gaan dit werklik sommer baie goed met Affies se hokkie. Ons het nou alreeds twee wedstryde gespeel en albei oortuigend gewen. Op Maandag, 28 April, het ons teen Tuine Hoer gespeel. Die eerste, tweede en derde spanne het onderskiedelik 4-0, 5-0 en 7-0 gewen. In die eerste span was dit veral die doelwagter, Liesbeth, wat uitblink het. Sy het werklik skitterend gespeel. Ons hokkiekapteine, Salome Swanepoel, het ook baie mooi gespeel. In die tweede span was daar geen spesifieke uitblinkers nie, maar veral die verdedigers het mooi as 'n span saamgespeel.

Op Donderdag, 1 Mei, het ons teen Handel Hoer gespeel. Die tellings hier was nog better. Die eerste span het 6-2 en die tweede span 4-1, gewen. In die eerste span was Salome fantasties, sy het al ses doele aangeteken. Sy het werklik pragtig gespeel en so ook Estelle Mare, die middelskakel. Die tweede span se uitblinkers was Sandra Kotze en Emile Emile Bobbert. Die volledige spanne was: Eerste span: Salome Swanepoel (kapteine) Marlise Ackerman, Sandra van Eyssen, Marianne Fismer, Marietjie van Deemter, Estelle Mare, Annette Seegers, Zanne Albertyn, Christine Pieterse, Betsie Venter en Liesbeth. Tweede span: Sandra Kotze (kapteine) Vande du Toit, Emile Bobbert, Loene Kotze, Lenore Rascher, Anne de Vos, Marianne Mathee, Marie-Lu de Villiers, Annelise Bekker, Anne-Marie Jooste, Anne-Marie Gonin.

Saterdag, 10 Mei, kom Eunice Hoer van Bloemfontein hier teen ons speel. Ons het goeie vooruitsigte, maar ons hoop dat die skool ons sal kom aanmoedig. Met 'n bietjie meer belangstelling en aanmoediging van die leerlinge, kan ons sommer baie goed vaar hierdie jaar.

Koshuis wil aparte spanne he.

Die koshuis van Affies het nou onlangs besluit om hul eie spanne aan sportbyeenkomste te laat deelneem, m.a.w. hulle wil 'n kompetisie teen die dagskoliere begin.

Hulle is van plan om hulle meer op atletiek toe te spits asop ander sportsoorte. Daar is voorgestel dat hulle hul eie span in die huissport sal inskryf. Verder wil hulle ook toere reël om teen die koshuise van ander skole te kompteer. Ander sportsoorte sal egter ook beoefen word.

Hierdie onderneeming word heelhartig deur Sroom-Op gesteun aangesien dit die koshuis se gees geweldig sal opbou, en 'n gees van kompetisie tussen die koshuis en die dagskoliere kan skep.

C. v. E.


Hindenisbaan byna voltooi.

Die hindenisbaan wat agter die swembad opgerig word is byna voltooi. Hierdie baan is broodnodig, veral met die hoër vereistes wat sport deesdae aan ons stel.

Die eerste rugby span het alreeds sy eerste oefening op die halfvoltooië baan gehad. Mens kan sien die manne nog gaan bloed sweet op daardie baan. Alhoewel die baan maar halfpad voltooi is, was die manne se blus alreeds behoorlik uit na slegs 4 rondtes. (Dit wys ook dat die manne nog ver van fiks af is.)

Ek wil ook net noem dat enige van die leerlinge wat die baan wil gebruik om op fiks te word dit met die grootste graagte kan doen.

C. v. E.



Dries Lategan, 'n matrikulant van 1968, wat onlangs weer presteer het deur die 400 meter vier seuns onder-negentien op die S'A Spele in Bloemfontein, te buit.